# ‘Vat dan note van ons


## Ons is ook trotse Suid-Afrikaners, man!’



HANLIE RETIEF

Gesels met

**Kevin Ehrenreich**



**Bedags is hy ’n klerk, maar hy is ook dramaturg en skrywer, en Woensdagaand word die tweede episode van KEVIN EHRENREICH se dokumentêre program *Agter die mynhoop* op kykNET uitgesaai.**

“Kyk, onse lewe het mos maar begin met onse mammies wat wasgoed was vir die witmense. Dis die beeld wat die laanies (wit mense) nog altyd van ons boeshies (bruin mense) gehad het. Dis nou tot daai sad insident van Staggie (foto’s van dié Kaapse bendeleier se branddood is wyd gepubliseer). Van toe af dink hulle ons is net ’n klomp gangsters.

“En Nuwejaarsdag is ons die Kaapse Klopse.

“Jy verstaan?”

Kevin Ehrenreich se lang, gevlegte poniestert wip van die praat. Hy sit op die puntjie van sy leunstoel met die koplappie waarop *relax* geborduur is. In Ehren Villa, Gousblomstraat, Reigerpark (naby Boksburg). In die skemerlug hang uie-en-kerrie.

Later vanaand gaan kykNET die tweede episode van *Agter die mynhoop,* Kevin se dokumentêr oor die mense van Reigerpark, wys. Die hrenreichs sal nou-nou bure toe gaan om dit te gaan kyk, want in Reigerpark kan net sewe gesinne DStv bekostig.

“Maar ons het baie dinge éie aan ons, man. Kyk nou die Taal van Afrikaans. Jy kan nie sê bruin mense práát Afrikaans nie. Ons ís Afrikaans. My leefwyse en taal is een identiteit. Een – wat sal ’n mooi woord wees? Een ásem.

“Ons Afrikaans is dalk net meer gespice, dit vloei lekker, dis vibrant. Selfs Breyten Breytenbach praat van die ‘kleurvolle taal’, daai loslit-Afrikaans soos koerante dit noem.

“Onse sukses lê daarin dat ons kômmunikyt. Nie communicate soos jy hom in Engels spel nie, maar soos èk hom spel. As ek sê dis ’n nice dag, dan spel ek hom naais. En jy kan nie vir my sê ek praat Engels nie, ek kon nog nooit’ie, en ek wil okkie.”

Bedags, sê hy, is hy ’n penpusher, ’n klerkie, so moenie worry nie. Maar as hy saans met sy motorfiets in Gousblomstraat inswaai, word hy weer skrywer-dramaturg, wie se toneelstuk *Gatiepie sien sy gat* al op kunstefeeste was.

Hulle noem hom ook Meneer Reigerpark. Want dis hý wat verlede jaar kykNET ’n kyk gegee en besluit het: hier’s ’n kans om sy dorp en sy mense vir Suid-Afrika te wys.

Hy het hom by hulle gaan aanmeld, sy idee gesmous en toe dertien episodes gekry om dit te doen. Alles oor sy passion vir Afrikaans en sy passion vir sy gemeenskap, sê Kevin. Of, soos hy sê, “vergeet gemeenskap, ons is almal family.

“En terwyl ek sommer op daai punt is, ons boeshies is in die sixties hier agter die mynhope gegooi. Jy kry eerste die dorp, dan die klomp boeshies, en dan die Africans. Ons was daai buffer, ons is altyd maar die botter tussen twee snytjies brood.

“Ons is van groot huise af ingeboender in klein huisietjies in. Jy kon soms nie eens ’n kamerstelletjie hier instoot nie, so dié moes dan weggegee raak, of buite staan in die reën.

“Ons moes ’n lewe maak, hier.

“Nog altyd maar wou ek mense vertel dat ons ook trotse Suid-Afrikaners is, man. Ons wil deel uitmaak van daai ‘groot kulturele samelewing’ wat ons op tievie sien.

“Maar vat dan note van ons!

“Ek het baie om te vertel. Die soet, maar die suur ôk, want anders is ons ’n plêstiek gemeenskap. Ons het onse gangsters, ons doen ook verkeerde dinge, soos in enige ander gemeenskap, maar ons het ook onse unieke dinge.

“Gaan vat ’n photo in die kombuis, my vrou is besig om piekelfish te maak. Piekelfish is eie aan ’n bruin gemeenskap op Goeie Vrydag, maak’ie saak lat jy nie innie Kaap is nie. Soos ons nou hier sit, word daar die land oor in bruin mense se huise piekelfish gemaak. Is jy met my?

“Almal kan egter deesdae nie altyd ’n stukkie vis bekostig nie. Werkloosheid tref ons hier agter die mynhope nes enige ander plek – maar make no mistake, ons spring self uit.

“Ons het gou agtergekom dat die promises van die destydse regering net promises is, en het toe baie selfstandig geword. As daar ’n preschool nodig is, dan bou ons een. Of ’n beurs vir kinders om technikon toe te gaan, of ’n voedingskema om die jongklomp soggens at least iets te ete te gee. Dis die groot omgee in hierdie gemeenskap. Ek dink probleme het ons saamgebind.”

Hy raak skoon uitasem van opgewondenheid.

“Hier’s meer as honderd kerke in Reigerpark, daar in Church Valley. Sondagoggende gaan álmal kerk toe, en later trap jy nog maklik oor ouens op die pavement op pad aanddiens toe, want dan’t hulle nou ’n happiness gehad die hele Sondagmiddag deur!

“Maar dis die vibrancy van hierdie gemeenskap.”

En die gemeensaamheid van hierdie gawe maer man met sy grys baardjie en sy leerbaadjie met die oopbek-tier agterop.

“Hier word Vrydag- en Saterdagaande langarm gedans, en nie met records nie, nè! Dis live bands, want dis mos ’n do, elke dans het ’n tema. Vir boeke vir die skool, of vir die oute-sentrum waar die oumense gaan handewerkies doen.

“Al die kerke sê Sondae wie is siek in die gemeenskap. Onse kerk is uit ten o’clock, en die Anglicans teen half past . . . teen one o’clock weet álmal wie is siek in die ’kasie.

“En dis lekker om hier siek te wees. Die laanies dink ons bly Maandae uit die werk uit oor babelas. Nei! Almal wat êrens gehoor het jy’s siek, kom pamperlang jou. Die oumatjies laaik kuier en die vroue laaik van bak hier rond, elkeen wil nou wys wat hy kan voorsit.

“Hier was Amerikaners wat all die way gekom het om te kyk hoekom word ons bruin mense so oud. In elke straatjie het ons mos een oor die neëntig. Ek dink dis oor ons humor ons so ontspanne hou, en omdat ons so ’n koppie-suiker-oor-die-fence-gemeenskap is. As iemand afsterwe, word daar mos elke aand ’n kerkdiens by daardie huis gehou. Dit gebeur net. Daar kom ’n seil so by die huis se oop kant buite, en jy gaan sit vir die diens. En almal traai om iets te bring, want daarna gaan jy mos ’n koppie tee kry, of ’n *biscuit*.

“Dís van die dinge wat ek het om te vertel. Want ek glo: ons kan aanleer van mekaar met die bietjie goed wat ek in my het en wat jy het in jóú leefwyse en jou kultuur. Ons het in hierdie land goed om te deel met mekaar! Is jy met my?

Ons drentel deur die strate om die “vibe op te tel”. En deur die strate en die buurte van Reigerpark kom die Afrikaans soos blomme uit Kevin Ehrenreich se mond. Muskietvlei, daar naby die dam. Opmekaar se huise is, wel, opmekaar. Fast Move se huise het so vinnig opgeskiet. Excuse me Please waar jy dit heeltyd moet sê omdat jy en buurman so teenmekaar bly. Die Flats, met sy eie hartklop, Hier en Daar se huise wat in die vorige bedeling hier en daar ingedruk is.

“As jy nie ’n sin vir humor het nie, moet jy nie in ’n bruin woonbuurt kom bly nie. Orals waar mense in hopies is, staan hulle en lag. Ons hap mekaar lekker”.

Ant Viol kom doen die “makariena” vir ’n foto, Kevin se hand stewig onder haar elmboog, sy word op 4 Augustus darem 95! Sy’s hul sixteen valve makariena-girl, sê Kevin terwyl sy versigtig heupswaai, haar oë stout tussen die plooie.

So elke paar minute skeer ’n vliegtuig oor Reigerpark, net ná opstyg, stert skaars in die lug.

“Hy start nog net op by Jan Smuts hier annerkant, dan doof hy ons stemme hier uit!

Hulle is hier onder die lawaai, onder die mynhoop-stof.

Maar dis ’n gawe vibe, dié een in Kevin Ehrenreich se Reigerpark.

So hoekom is hulle allie jare so misgekyk?

“Whoaaa! Dis nou ’n groot question daai. Sê maar ons is die sonkinders van Afrika. Ons is wat die toekoms gaan wees.

“Maar daar word te min notice gevat oor wie ons is. So lat ek jou vertel wie ons is, kom luister.”



**Piekelfish is eie aan die bruin gemeenskap op Goeie Vrydag, al woon hulle nie in die Kaap nie, vertel Kevin Ehrenreich by sy vrou, Elizabeth, waar sy vanjaar se piekelfish maak.**

Foto’s: THEMBA MASEKO

### Wyse woorde van agter die mynhope

**Mense woon daar . . .**

**“Oral op die Goudrif word daar gemyn. Bo- en ondergronds word die mens liggaamlik en geestelik geondermyn. Aan die agterkant van hierdie monsteragtige mynhope met hul giftige slykdamme woon daar mense: ’n klompie hêppie boeshies wat laaik om te partie en met ’n permanent smaail op’ie daail, maar wat nooit die priorities van sy gemeenskap, sy neibir, sy bra, uit die oog verloor nie.”**

**Woorde wat nié seermaak nie**

**“Ons het grootgeword met woorde wat seermaak. Maar woorde soos laanies, darkies (swart mense), boeshies – dis nice words wat nie mense se velle van hulle gesigte aftrek nie. Die jong laaities praat so lekker van ‘iesh, daai darkie bra (broer) van my.’ Of: ‘ek roep my laanie bra’.”**

**Wat ’n pyn!**

**“Political correctness gee my tog so ’n pyn. Moet ek nou my gedig met die titel *Squatter Camp* verander na *Informal Settlement?* Rubbish! En ons buurt Ma se Moer? Dis orraait as die dominee op die kansel dit eufemisties MM noem, maar dis waar dit eindig!”**